LAERSKOOL IMPALA

BELEID & PROSEDURE :

LEIERRAAD

INHOUDSOPGAWE

1. Naam van skool 3
2. Inleiding 3
3. Puntesamestelling..... 3
4. Stemgeregtigdes..... 3
5. Stemlys..... 3
6. Stemproses 4
7. Verwerking van stemme..... 4
8. Resultaat..... 5
9. Hoofleierverkiesing..... 5
10. Verifiëring van Uitslag..... 5
11. Kort titel en aanvangsdatum 6

VOORGESTELDE : LAERSKOOL IMPALA LEIERSVERKIESINGSMODEL

1. **Naam van Skool:**
   Laerskool Impala.

2. **Inleiding**
   Hierdie voorgestelde dokument omskryf die prosedure en voorskrifte rakende die verkiesing van die leierraadleerders in lyn met die GDO se beleid ten opsigte van die verkiesing van skole se VLR.

3. **Punte samestelling**

Gr 6 leerlinge se stemme	= 6 punte
Gr 7 leiers	= 1 punt
Gr 6 Voog en Vakpersoneel	= 1 punt
Alle onderwysers	= 1 punt
Prefekvoogde en bestuur	= 1 punt
	Totaal = 10 punte

4. **Stem geregtigdes**
   Alle graad 6 leerlinge stem, en elkeen se stem tel 6 punte.
   Al die graad 7 leiers se stem tel 1 punt.
   Al die Gr 6 voog- en vakpersoneel kan stem en elkeen se stem tel 1 punt.
   Al die onderwysers van Laerskool Impala stem en elkeen se stem tel 1 punt.
   Al die Prefekvoogde en bestuurslede van Laerskool Impala stem en elkeen se stem tel 1 punt.
   Al die bogenoemde stemgeregtigdes word toegelaat om vir 30 seuns en 30 dogters te stem wat 'n maksimum van 60 stemme sal wees.

5. **Stemlys**
   Gr 6 Leerders kan aansoek doen om op die stemlys te verskyn.

   5.1. Die leiervoogde, in oorleg met skoolbestuur, beskik oor 'n algemene diskresie om enige graad 6-leerder se naam van die stemlys te verwyder in die volgende omstandighede:

- 'n Aansoekvorm wat nie korrek voltooi en onderteken is nie;

- Waar 'n leerder kragtens die (dan) geldende Dissiplinestelstel (merietes en demerietes) gedurende die graad 6-jaar by skedule oortredings betrokke was, wat gelei het tot 'n dissiplinêre verhoor, met inagneming van die aard, omvang en erns van die oortreding wat gelei het tot die verhoor, volgens die skool se Dissiplinebeleid en wat skuldig bevind is aan die betrokke oortreding.

5.2. Die skorsing van leiers sal geskied volgens die Dissiplinêre Beleid.

6. Stemproses

Nadat die stemlys gefinaliseer is en die datum bepaal is waarop die stemming sal plaasvind, geskied die stemproses, binne normale skoolure en op 'n tydstip soos vasgestel deur Skoolbestuur, soos volg:

6.1. Elke graad 6-leerder stem deur hulle stemme te maak op die stemlys, nadat die werking en proses aan hulle verduidelik is.

6.2. Elke graad 6 leerder is geregtig om (ongeag hul geslag) vir 'n **maksimum van 30 seuns en 30 dogters te stem (met ander woorde 'n maksimum van 60 stemme).**

6.3. Die Gr 6 stemme per leerder word bereken en herlei na 'n % punt uit 60/100.

6.4. Die Gr 7 leiers se stemme per leerder word bereken en herlei na 'n punt van 10/100.

6.5. Indien 'n graad 6-leerder afwesig is tydens die stemprosedure, verbeur hy/sy die geleentheid om te stem.

6.6. Elke Gr 6 voog en vakpersoneel sal ook die geleentheid hê om te stem. Stem tel 10/100 (10% van totaal). Sien punt 3.

6.7. Elke onderwyser sal ook die geleentheid gegun word om te stem. Die onderwyspersoneel se stem tel dus 10/100 (dit wil sê 10%). Sien punt 3.

6.8. Elke prefekvoog en bestuurslid van Laerskool Impala sal ook die geleentheid gegun word om te stem. Die stem tel 10/100.

6.9. Nuwe leerlinge.

6.9.1. Nuwe leerlinge van ander skole kom ook in aanmerking vir leiersposisies , aangesien Impala besef dat 'n leerling se leierspotensiaal nie deur verskuiwing na 'n nuwe skool beïnvloed word nie.

6.9.2. Nuwe leerlinge sal slegs na die 1ste kwartaal Impala se kortlys haal , die geskiedenis by die vorige skool sal nagevors word deur die Bestuur voor toelating tot die kortlys. Die Betuur sal 'n verslag saamstel wat voorgelê sal word vir bespreking. Die bestuur sal dan bepaal of hy/sy die posisie op die kortlys kan beklee.

6.9.3. 'n Nuwe leerling wat as leier/hoofleier, vanaf 'n ander skool inskryf , word na die 1ste kwartaal bespreek om moontlik as 'n leier bygev oeg te word. Hy/sy kan slegs die posisie by Impala beklee indien die volgende stappe plaasgevind het.

6.9.3.1. Hy/sy aan die kriteria van Impala se leierskap voldoen.

6.9.3.2. Die Bestuur sal 'n verslag beskikbaar hê rakende die leerder se geskiedenis by die vorige skool. Daarna kan die leerder as 'n leier aangestel word.

6.10. Vakante poste in leiershoedanigheid:

Vakante poste word as volg gevul vir seuns (30) en dogters(30).

Vakante poste word as volg gevul:

- Die 5 leerlinge wat die hoogste telling gekry het van al die leerlinge, wat tydens die verkiesingsproses uitgeval het, kom op 'n alfabetiese waglys.
- Die personeel, wat vir hulle klas gee, stem dan om die

vakante posisie te vul.

- Die bestuur gee die finale goedkeuring.

6.10.1 'n Graad 7 leerder wat na die 1ste kwartaal leierseienskappe toon kan bygevoeg word tot die leiergroep deur deeglike navorsing en deeglike oorweging deur die Bestuur.

6.11. Die verkiesingskomitee.

Hierdie komitee bestaan uit die volgende:

6.11.1.1. Snr Bestuur

Leiervoogde

6.11.1.2. Hierdie komitee bestuur die verkiesingsaksie, hanteer die opleidingsessie en sorg dat die beleid uitgevoer word.

6.11.1.3. Personeel wie se eie kinders 'n Graad 7 leier en/of om die Graad 6 groep is, mag nie deel vorm van die verkiesingskomitee nie.

6.11.1.4. Indien lede van die verkiesingskomitee se eie kinders in die Graad 7 leier en/of Graad 6 groep is, sal die bestuur van die skool, personeel uit die skoolbestuur of senior personeel wie se kinders nie betrokke is, in die betrokke lede se plekke aangewys word.

6.12. Elke leerder wat aan die verkiesing deelgeneem het kan, deur middel van sy/haar ouers of voogde, navraag doen oor sy/haar posisie en punte. Slegs sy/haar punte of posisie mag gedeel word, geen ander leerders se inligting mag gedeel word nie. Dit is 'n deursigtige proses waar elke punt verantwoord kan word. Ouers is dus

welkom om navraag te doen.

6.12.1 Personeel en Beheerliggaamlede wie se kinders 'n Graad 7 leier of Graad 6 groep is, mag onder geen omstandighede by enige van die verkiesingsprosesse betrokke wees nie. Hulle mag dus ook nie stem nie.

7. **Verwerking van stemme**

Die 100% totaal van stemme word daarna herlei na 'n numeriese punt uit 100, tot die tweede desimaal (met ander woorde 'n leerder met byvoorbeeld 90.73 punte.

8. **Resultaat**

Die top 60 leerders word aangewys as die leierraad, waarvan die getal 30 die maksimum per geslag kan wees.
Die leierraad word in die saal aangekondig tydens 'n spesiale saalperiode.
'n Leierontwikkelingskamp word vir die leierraad gereël.

9. **Hoofleierverkiesing**

Gedurende die eerste kwartaal en nadat die huidige Gr 7 leiers die geleentheid gekry het om vir 'n tydperk diens te doen, sal die leiers stem vir hoofleiers. Die aantal leiers met die meeste stemme sal onderhewig wees aan verdere onderhoude en/of evaluering deur die verkiesingskomitee. Die verkiesingskomitee sal bestaan uit die skoolbestuur en leiervoogde. Beheerliggaamslede en personeel met kinders in die leiergroep vorm nie deel van die verkiesingskomitee nie.

Die verkiesingskomitee sal alle nodige faktore, riglyne en waardes van Impala in die verkiesingsproses in ag neem om uiteindelik die vier hoofleiers (Hoofseun, Hoofdogter, Onderhoofseun en Onderhoofdogter) aan te stel wat dan vir die res van die jaar sal dien as ambassadeurs van Laerskool Impala.

Die verkose Hoofleiers word aangestel onderhewig aan die diskresie van die verkiesingskomitee en die verkiesingskomitee se besluit is finaal.

10. Verifiëring van uitslag

Die lede van die Beheerliggaam kan namens enige ouer van 'n graad 6-leerder is geregtig om tydens die stem-proses die gebeure tesame met die punte en stem totale monitor en insae hê in die uitslae (met 'n gemotiveerde versoek en redelike kennis gerig aan die Hoof: Laerskool Impala).

11. Kort titel en aanvangsdatum

Kort Titel	Leierraadbeleid
Aanvangsdatum	
Geldigheidsduur	